

HOOFSTUK II.'n MISLUKTE STRYD VIR APARTHEID.

(Transvaal 1881 - 1911)

1. Artikel 14 van die Londonse Konferensie laat alle matrieels teen Asië misluk .....

(Die tyd van die Zuid-Afrikaanse Republiek).

(a) Inleiding.

Dit kan nie presies bepaal word wanneer die eerste Indiërs Transvaal binnekom het nie. In 'n artikel in „Die Republikein“ het F. Smit, hoofsekretaris van die Suid-Afrikaanse Reddingsdaadbond, beweer dat die eerste Indiërs Transvaal in 1881 binnegekom het.<sup>(1)</sup> In 'n memorandum wat die Transvaalse Indiërkongres voorgelê het aan die Transvaalse „Asiatic Land Laws“ kommissie, het hulle beweer dat die eerste Indiërs Transvaal in 1882 binnegekom het.<sup>(2)</sup>

Dit blyk egter uit 'n verklaring van E.F. Bourke, 'n ou inwoner van Pretoria, dat toe die Pretoria-konferensie in 1881 onderteken is, daar geen of baie min Indiërs in Transvaal was. E.F. Bourke het beweer dat toe die Pretoria-konferensie gesluit was daar geen Indiërs in die Transvaal was nie „and there is little or no doubt that the Asiatic side of the question never presented itself to the authors of that document sitting at Pretoria.“ Ook het hy daarop gewys dat 'n studie van die bepalings van daardie dokument duidelik wys dat die opstellers alleen die blanke rasse en die Naturrelle-inboorlinge in die gedagte gehad het. Dit was alleen na die aankoms van die eerste Indiërhandelaars en nadat die

---

(1) Die Republikein; 5.3.1937.

(2) The Transvaal Indian Congress: Memorandum, 6.9.38;2

nadat die 1884 konfensie die van 1881 vervang het, wat beperkende wetgewing voorgestel is. (1)

Die artikel in die Londonse Konfensie van 1884 waarna Bourke hier verwys, is artikel 14 en die het bepaal:-

„Alle personen, geen inboorlingen zynde, die zich Schikken naar de wetten van de Zuid-Afrikaansche Republiek,

(a) Zullen volkomen vryheid hebben met hunne huisgezinnen te komen, te reizen of the wonen in elk deel van de Zuid-Afrikaansche Republiek.

(b) Zy zullen het recht hebben, huizen, fabrieken, magazynen, winkels en eigendommen te huren of te bezitten.

(c) Zy mogen hunnen handel dryven in persoon of door zoodanige agenten als zy zullen goedvinden aan te stellen.

(d) Zy zullen niet onderhewig zyn wat hunnen personen of eigendommen betreft, aan belasting en, hetzy algemeenen of plaatschlyke, behalwe die welke aan de burgers van genoemde republiek opgelegd/zyn of zullen worden." (2)

Dat die Asiaat by die opstel van hierdie dokument nooit onder die aandag gekom het nie, is duidelik veral as ons in aanmerking neem dat die grondwet van die Suid-Afrikaanse Republiek duidelik vasstel: „Het volk wil geene gelykstelling van gekleurden met blanke ingezetenen toestaan."

(3) Hiervan was die Engelse regering seker bewus.

Die Britse regering het Artikel 14 beskou as van toepassing ook op Asiate, aangesien hulle Britse onderdane was, en gevolglik

---

(1) Union of S.A.: Report of Asiatic Inquiry Commission, 1921; 9.

(2) v.v. Loo: Verzameling van Offisiële stukken behorende by de geschiedenis der Z.A. Republiek; 109.

(3) t.a.p.; 167.

het Engeland geëis dat die Indiërs al die voorregte van Artikel 14 moes geniet.<sup>(1)</sup> Hierdie verskil in interpretasie het deurgaans wetgewing teen Asiate bemoeilik en feitlik onmoontlik gemaak.

Die posisie van die Suid-Afrikaanse Republiek was verder bemoeilik in sy poging om die Asiate-vraagstuk op te los, deur twee versoekskrifte van sekere Engelssprekende inwoners, waarin hulle gewys het op die goeie hoedanighede van die Asiate en beweer het dat die burgers van Transvaal nie werkloos teen hulle is nie. Dit sou dan maar net handelsnaywer gewees het.<sup>(2)</sup>

(b) Wet 3 van 1885 lê 'n apartheidsbeleid neer.

Vanaf 1884 het versoekskrifte ingestroom na die regering van die Suid-Afrikaanse Republiek. In die versoekskrifte is verwys na die haglike toestand in Natal in 1884, en die konkurrensie wat veroorsaak is. Hulle het ook sekere aanbevelings gedoen.<sup>(3)</sup> Ook van die Arabiese handelaars is 'n teenpetisie ontvang.<sup>(4)</sup>

Na hierdie versoekskrifte, wat die Asiate-vraagstuk bepaald op die voorgrond gebring het, het die Volksraad op 6 Januarie 1885 aan Lord Derby geskrywe in verband met hierdie vraagstuk en Artikel 14. Hierdie skrywe is by Sir Hercules Robinson, die hoë Kommissaris aan die Kaap, langs gestuur, en nadat hy hoofregter de Villiers geraadpleeg het, het hy aanbeveel dat Artikel 14 soos volg gewysig moes word: „Alle personen geene Afrikaansche

- 
- (1) Fouche: Die Asiate-Vraagstuk in die dae van die Z.A.R.; 5.  
 (2) t.a.p.; 5-6.  
 (3) Z.A.R.: Correspondensie van de Z.A.R. met betrekking tot de kwestie van Aziatische gekleurde personen, 1; 3 - 11.  
 (4) Fouche: Die Asiate-Vraagstuk in die dae van die Z.A.R.; 11.

*Hulle is Arabiere of Arabiese handelaars genoem, maar was in werklikheid Indiërs wat die Mohammedaanse geloof aangehang het.*

inboorlingen of Indische Chineesche Koelie-immigranten zynde, die zich schikken naar de wetten....."(1)

In sy antwoord van 19 Maart 1885 het Lord Derby meege-deel dat die Britse regering te vinde sou wees vir die wysiging van die Londonse konfensie soos deur Robinson voorgestel is,<sup>(2)</sup> maar hy het vervolg dat dit oorweeg sou moes word of dit nie beter sou wees as die Volksraad in die voorgestelde rigting wetgewing sou indien nie nadat hulle die versekering ontvang het dat haar Majesteit se regering „will not desire to insist upon any such construction of the terms of the Convention as would interfere with reasonable legislation in the desired direction.”<sup>(3)</sup>

Hierop het die regering van die Suid-Afrikaanse Republiek wet 3 van 1885 by die Volksraad ingedien. Hierdie wet was van toepassing op persone wat aan een van die inboorlingrasse van Asië behoort het. Daaronder was inbegrepe die sogenaamde Indiërs, Arabiere,<sup>(5)</sup> Maleiers en Mohammedaanse onderdane van die Turkse Ryk. Hulle kon nie die burgerreg van die S.A. Republiek verkry nie of eienaars van enige vaste eiendom in die Republiek word nie. Verder moes diegenes wat hulle gevestig het in die Republiek om handel te drywe, hulle by die landdroste laat inskrywe en daarvoor £25 betaal. Hierdie registrasie sou egter kosteloos wees vir diegenes wat hulle reeds in die Republiek gevestig het voor die inwerkingtreding van die wet, mits hulle binne 'n bepaalde tyd aan die inskrywing gevolg gee. Die regering sou die reg hê om aan die betrokke persone bepaalde strate, wyke en lokasies aan te wys vir bewoning.<sup>(4)</sup>

---

(1) Fouche: Die Asiate-vraagstuk in die dae van die Z.A.R.; 12 - 13.

(2) t.a.p.; 14.

(3) Z.A.R.: Correspondensie van de Z.A.R. met betrekking tot de kwestie van Aziatische gekleurde personen; 26.

(4) Fouche: Die Asiate-vraagstuk in die dae van die Z.A.R.; 14 - 15.

(5). Vgl. Voetnoot blyk 35.

Onmiddellik hierna het L. Mitchell, bestuurder van die Standaard bank geklae oor die behandeling van Asiatische handelaars.<sup>(1)</sup> Ook het Cornwright, gevolmagtigde in die boedel van Hollins en Hulder, met die klagte gekom dat wet 3 van 1885 <sup>(4)</sup> grabiere belet om te koop.<sup>(2)</sup> Aan die anderkant het die Pretoriase kamer aangepor tot onmiddellike stappe.<sup>(3)</sup>

Daarna het 'n uitgerekte korrespondensie gevolg waarin van Engelse kant beweer is dat die regering van die Z.A.R. die brief van Lord Derby verkeerd geïnterpreteer het en uiteindelik 'n skrywe van die sekretaris van Staat, Granville, waarin Robinson opdrag ontvang het om Transvaal kennis te gee dat die wet gewysig moes word omdat dit regstreeks in stryd was met die insigte van die Britse regering en omdat dit 'n oortreding van die Londonse konvensie was.<sup>(4)</sup>

Hierna het die S.A. Republiek verduidelik dat die wet veral om sanitêre redes noodsaaklik geword het, en die Republiek het voorgestel om die wet dien-ooreenkomstig te wysig. In 'n brief van 25 September 1886, waarin Robinson kennis van die voorgestelde wetgewing erken het, het hy geskrywe dat alhoewel die veranderde wet nog 'n oortreding van die 14de Artikel van die Londonse konvensie is, hy nie haar Majesteit se regering sou aanraai om verdere teenstand te bied nie, „in view of your Honour's opinion that it is necessary for the protection of the public health." Op 4 November 1886 het die Sekretaris van Staat laat weet dat haar Majesteit se regering, met die oog op die voorgestelde veranderings, geen verdere beswaar teen die wet sou opper nie.<sup>(5)</sup>

- 
- (1) Z.A.R.: Correspondensie van die Z.A.R. met betrekking tot de kwestie van Aziatische gekleurde personen 1; 36.  
 (2) t.a.p.; 38.  
 (3) t.a.p.; 40.  
 (4) t.a.p.; 43.  
 (5) S.A.I.C.: Asiatic Land Tenure (Amendment) Bill; 43.

(4). Vgl. voetnoot bly 35.

Op 26 Januarie 1887 is die gewysigde wet in die Staatskoerant afgekondig<sup>(1)</sup> en dit het die volgende wysigings bevat: Asiate kon alleen vaste eiendom besit in lokasies wat vir sanitêre redes aan hulle toegewys is. Ook kon strate, wyke en lokasies vir sanitêre redes aan hulle vir bewoning aangewys word.<sup>(2)</sup> Die inskrywingsfooi van £25 is na £3 verminder.<sup>(3)</sup>

(c) Die sienswyses van Transvaal en Engeland aan arbitrasie onderwerp .....

Kort hierna het die delwerskomitee van Baberton versoek dat onmiddellike stappe gedoen moes word om die instroming van Asiate te voorkom. As gevolg hiervan het die Volksraad aan die regering opgedra om aan die Britse regering te skrywe om die Londonse konfensie veranderd te kry.<sup>(4)</sup>

'n Versoekskrif uit Middelburg het daarop gewys dat Asiate nie in bepaalde gebiede handeldrywe nie. Ook het blankes vir Asiate lisensies uitgeneem.<sup>(5)</sup> Die regering het toe besluit om die saak te ondersoek. Intussen het daar versoekskrifte teen die Indiërs en klagtes van Indiërs ingekom. In 'n saak voor die Hooggeregshof van die Z.A. Republiek in Augustus 1888 (Ismail Sulie-man en Kie, teen die landdros van Middelburg oor weiering van lisensie,) kon die hoof-regter, na oorweging, nie onderskeid maak tussen plekke waar handel gedrywe word en plekke waar gewoon word nie.<sup>(6)</sup>

Op 15 Januarie 1889 het die regering kennis gegee dat daardie Asiate wat nie binne die aangewese gebiede gewoon het nie, en wat deur hulle huurkontrakte verbind was aan plekke buite lokasies, net daar kon woon totdat die nuwe kontrakte verstryk het. Daarna

---

(1) Fouche: Die Asiate-Vraagstuk in die dae van die Z.A.R.; 21.

(2) S.A.I.C.: The Asiatic Land Tenure (Amendment) Bill; 43.

(3) Fouche: Die Asiate-Vraagstuk in die dae van die Z.A.R. 20.

(4) t.a.p.; 22.

(5) t.a.p. 23.

(6) S.A.I.C.: The Asiatic Land Tenure (Amendment) Bill; ; 44.

kon hulle alfen lisensies kry binne die aangewese lokasies.<sup>(1)</sup>

Hierop het weer klagtes gevolg van Potchefstroom,<sup>(2)</sup> die Britse Agent en die Hoë Kommissaris, Lord Knutsford. Die sekretaris van Staat, het selfs onder die aandag van die Z.A. Republiek gebring dat wet 3 van 1885 alleen betrekking het op „woning” en dat dit skyn of daar geen beperking hoegenaamd op „handel” op plekke buite lokasies is nie.<sup>(3)</sup>

Daarna het weer 'n uitgebreide korrespondensie gevolg tussen die twee regerings waaruit duidelik geblyk het dat hulle verskil het in hul interpretasie van die terme „ter bewoning” en „handeldrywe.”<sup>(4)</sup>

Op klagtes dat lisensies geweier word het die Staatspresident (3 Januarie 1890) ge-antwoord dat daar geen weiering van die herdeuling van lisensies plaasgevind het nie, maar wel vir lisensies vir handeldrywe tussen blankes en buite lokasies. Bestaande huurkontrakte was egter geërfbeidig.<sup>(5)</sup>

In Mei 1890 het die Uitvoerende Raad aanbeveel dat wet 3 van 1885 so gewysig moes word dat nie net landdroste nie, maar ook ander amptenare verantwoordelik sou word om Asiatic in registers op te skrywe. Hierdie aanbeveling is op 16 Mei 1890 deur die Volksraad bekragtig en aan landdroste is opdrag gegee om die gewysigde wet streng uit te voer.<sup>(6)</sup>

Sir Henry Lock het daarna beweer dat die Z.A. Republiek geen reg gehad het om 'n wet te passêr wat Brits-Asiatiese onderdane benadeel het, sonder die goedkeuring van die Britse regering nie. Hy het ook geklae oor gekleurde Britse onderdane wat inboorlingpasse moes dra.<sup>(7)</sup>

(1) Z.A.R.: Correspondensie van de Z.A.R. i.s. Aziatische gekleurde personen 11; 39, 49.

(2) t.a.p.; 62 - 65.

(3) Fouche: Die Asiatic-Vraagstuk in die dae van die Z.A.R.; 35.

(4) Coster: Die Locale wetten en Volksraadsbeluiten der Z.A.R., 622.

(5) Z.A.R.; Correspondensie van de Z.A.R. is. Aziatische gekleurde personen, 11; 78 - 79.

(6) t.a.p., 29.

(7) Z.A.R.: Correspondensie ... II, 39, 49.

Honderde versoekskrifte het egter intussen daarop gewys hoe die wet ontduik en oortree word. Ook het hulle gewys op die groot aantal Asiate wat nog altyd ingekom het en hulle het kommer uitgespreek oor die deurmekaar woon en die moeilike handelskonkurrensie wat daar reeds in 1892 was. (1)

Deur wet 10 van 1891 het die Z.A. Republiek egter daar-in geslaag om die delwerye van mededinging te vrywaar. Artikel 76 van hierdie wet het bepaal:- „Geen kleurling zal licentiehouer kunnen zyn of op eenegerlei wyze verbonden kunnen zyn met het bewerken der delveryen, tensy als werkvolk in diens van blanken. Het woord kleurling zal beteken, iederen Afrikaanschen, Aziatischen, Naturel of gekleurde persoon, Koelie of Chinees.” (2)

Aangespoor deur die verskillende versoekskrifte het die Volksraad op 5 Augustes 1892 aan die regering opdrag gegee om noukeurig toe te sien dat geen Asiate, Koelies of Chinese handel drywe binne die dorpe nie, en alle koeliewinkels na 1889 opgerig uit die dorpe te laat verwyder. Sodra die kontrakte wat voor 1889 aangegaan is, verstryk het, moes ook daardie Asiate uit die dorpe verwyder word. (3)

Die Britse Agent, Sir Jacobus de Wet, het hierop die hoop uitgespreek dat aan persone wat getref sou word behoorlike skadevergoeding betaal sou word. Later het hy gewaarsku dat die Hoë Kommissaris hom die reg voorbehou om skadevergoeding te eis, in geval daar aan een van die Britse onderdane ten opsigte van sy persoon of besittings skade berokken mag word. (4)

---

(1) Z.A.R.: Correspondensie van de Z.A.R. i.s. Aziatische gekleurde personen. 11; 39, 49, 62-65.

(2) ~~t.a.p.; 62-65.~~

(2) Fouche: die Asiate-vraagstuk in die dae van die Z.A.R.; 35.

(3) Coster: De Locale wetten en Volksraadsbeluiten der Z.A.R.; 622.

(4) Z.A.R.: Correspondensie van de Z.A.R. i.s. Aziatische gekleurde personen. 11; 87 - 79.

Op 8 September 1893 het die regering besluit om wet 3 van 1885 soos gewysig, stiptelik toe te pas. Alle Asiatische en ander persone wat onder hierdie wet geval het, moes hulle beperk tot die aangewese Lokasies wat woning en handel betref. 'n Uitsondering is egter gemaak met die genes wie se huurkontrakte, aangegaan voor die aanwysing van die lokasies, nog nie verstryk het nie.<sup>(1)</sup> Elke Chinees moes ook jaarliks 'n pas uitneem wat £25 sou kos. Aan die betrokke amptenare is opdrag gegee om te sorg dat na 29 Januarie 1894 geen Asiate of ander persone wat onder die wet geval het, toe gelaat sou word om te woon of handel te drywe buite die lokasie wat vir die doel aangewys is nie.<sup>(2)</sup>

In 'n brief van 20 Oktober 1893 het Loch gekla oor die Volksraadsbesluit van 8 September en het hy beweer dat sommige Chinese in Hong-Konggebore is en dus Britse onderdane is.<sup>(3)</sup>

Hierna het daar weer 'n uitgebreide korrespondensie gevolg tussen die twee regerings. Uiteindelik het hulle in Maart 1894 ooreengekom om die vraagstuk aan arbitrasie te onderwerp. Die hoofregter van die Oranje-Vrystaat, Meluis de Villiers, sou as Arbitrator optree.<sup>(4)</sup>

Dr. Leyds en Advokaat Esselen het namens die Z.A.R. opgetree en advokate Searle en Curlewis vir die Britse regering. Die Asiate het gevra dat Leonard aan Britse kant moes optree om hulle regte te verdedig.<sup>(5)</sup>

In hierdie arbitrasie-saak het die Britse regering die volgende geëis:-

- 
- (1) Coster: De Locale wetten en Volksraadsbesluiten der S.A.R.; 872.
  - (2) Z.A.R.: Correspondensie van de Z.A.R. is. Aziatische gekleurde personen 11; 84.
  - (3) t.a.p.; 80.
  - (4) t.a.p.; 91 - 92.
  - (5) Z.A.R.: Correspondensie van de Z.A.R. i.s. Aziatische gekleurde personen 111; 12.

(a) Dat Asiatiese handelaars wat Britse onderdane is, veroorloof sou word in die stede van die Z.A. Republiek te woon, in sodanige gedeeltes (wyke of strate) as wat hulle om gesondheidsredes mag aangewys word.

(b) Dat dit hulle veroorloof sou word om handel te drywe of sake te doen in winkels of pakhuise in enige deel van die stede. <sup>(1)</sup>

Aan die anderkant het die regering van die Z.A. Republiek weer beweer:-

(a) Dat die Z.A. Republiek die volle vryheid gehad het om ten opsigte van Indiërs, Arabiere, <sup>(4)</sup> Maleiers en Mohammedaanse onderdane van die Turkse Ryk, sulke reëlinge te tref as wat hy goedgevind het.

(b) Dat die Britse regering nie sonder gegronde redes beswaar mag maak wanneer die regering van die Z.A. Republiek Indiërs, Arabiere, <sup>(4)</sup> Maleiers en Mohammedaanse onderdane van die Turkse Ryk, verhoed om handel te drywe in dorpe of stede op ander as deur die regering aangewese plekke nie. <sup>(2)</sup>

Op 2 April 1895 het die Arbiter sy uitspraak gegee. Hy was die sienswyse toegedaan dat die Hooggeregshof van die Z.A. Republiek moes beslis of die terme „ter bewoning” en „voor gezondheidsdoeleindes” betrekking gehad het op woonplekke allen of ook op besigheidsplekke.

Verder was die Z.A. Republiek heeltemal geregtig om ten volle uitvoering te gee aan die bepalings van wet 3 van 1885 soos later gewysig, onderworpe egter aan die uitleg van „de vierscharen des lands” in geval van objeksies. <sup>(3)</sup>

Die Britse regering sou egter in sy reg wees as hy beswaar sou maak teen die Volksraadsbesluit van September 1893, asook teen die \_\_\_\_\_

(1) Z.A.R.: Correspondensie van de Z.A.R. i.s. Aziatische gekleurde personen 111; 15.

(2) t.ap.; 20.

(3) t.a.p.; 22.

(4) Vgl. voetnoot blyf. 35.

asook teen die sirkulêre van Desember 1893, wat die genoemde besluit bevat het, omdat die besluit nie alleen instruksies aan plaaslike amptenare bevat het wat die uitwerking van die wet betref nie. Dit het ook 'n wetgewende uitleg aan die wet gegee, wat wel of nie in ooreenstemming mag wees met die regterlike uitspraak maar wat in elk geval die howe sou verplig om dit te aanvaar en te erken as van wetskrag te wees, solank dit bly bestaan. (1)

Kort na die beslissing van die Arbiter het die Hoë Kommissaris versoek dat die sirkulêre en die Volksraadsbesluit teruggeroep sal word. Dit is dan ook gedoen. (2)

Hierna het die Asiate 'n versoekskrif aan <sup>Mr.</sup>~~Sir~~ Joseph Chamberlain gestuur. Alhoewel hy nie saamgestem het nie het hy tog in sy antwoord sy meegevoel met die petitionarisse uitgespreek en hy het daarop gewys dat hy glo dat hulle vredeliewende persone is wat deur hulle intelligensie en volharding alle struikelblokke in hul weg sou oorkom. (3)

Daar word in hierdie verband lig gewerp op die Britse regering se houding in 'n verklaring van Montag<sup>u</sup> While, die destydse Konsulgeneraal van die Z.A. Republiek in London. Na 'n onderhoud wat hy gehad het met permanente hoofde van die „Colonial Office" op 29 Mei 1894, het hy geskrywe dat hulle simpatie het met die lande wat 'n Asiate-probleem het, maar dat hierdie lande moes onthou dat die Britse regering ook rekening moes hou met die Indiese hoofde in Brits-Indië. Hierdie hoofde het steeds

---

(1) S.A.I.C.:— The Asiatic land Tenure (Amendment) Bill; 45.

(2) Z.A.R.: Correspondensie van die Z.A.R. i.s. Asiatiese gekleurde persone lll; 53.

(3) Fouche: Die Asiate-Vraagstuk in die dae van die Z.A.R.; 63 - 64.

ernstiger daarop aangedring dat hulle stamgenote oral dieselfde regte moes geniet as die wat aan Britse onderdane toegeken word. Ook het hy daarop gewys dat die moeilikheid om 'n bevredigende oplossing te vind gedeeltelik aan Lord Ripon toegeskryf moes word. Hierdie heer het toe hy onderkoning van Brits-Indië was, allerlei voorregte aan hulle toegeken. (1)

(d) 'n Protes van die Portugese Regering.

Op 16 November 1896 het die Portugese regering ook beswaar gemaak teen die toepassing van Wet 3 van 1885 op Asiate wat Portugese onderdane was. Die Portugese regering was van oordeel dat dit instryd sou wees met die verdrag tussen die Z.A. Republiek en Portugal.

Genoemde verdrag is gesluit op 10 Junie 1871, hernieu op 11 Desember 1875 en eindelik is 'n supplémentêre traktaat opgestel op 17 Mei 1884. Artikel 11 van hierdie verdrag het bepaal dat die burgers en onderdane van elk van die twee state op die gebied van die ander vrylik in riviere, hawens en ander plekke kongaan net waar hulle wou. Hulle kon hul daar vestig en woon, huise en magasynen huur, koop en bou en vir hulle alle soorte roerende en niëroerende goedere aanskaf. Hulle kon elke tak van die nywerheid beoefen, groot- en kleinhandel drywe, handelsbesighede en geldtransporteer, maar hulle moes hul onderwerp aan die wette van die respektiewe state. (2)

Nadat regsadvies ingewin is, het die Z.A. Republiek op 8 Oktober 1897 ge-antwoord en daarop gewys dat wet 3 van 1885 nie in stryd was met die traktaat nie. Die vryheid van vestiging, verblyf en handel,

---

(1) Fouche: Die Asiate-Vraagstuk in die dae van die Z.A.R.; 40.

(2) t.a.p.; 68.

wedersyds aan die onderdane van die state verseker onder artikel 11 van die Traktaat, was natuurlikerwys beperk deur die reg van albei state om wette te maak in verband met polisie en higiëne. Artikel 14 het bepaal dat die onderdane aan geen verbod, beperking of aan belasting onderworpe sou wees, wat nie ook op ander nasies toegepas word nie. Dit toon dat voorsiening gemaak is vir beperkinge. Hierdie beperkinge is ook op onderdane van ander state toegepas.

Hierdie uitleg was deur die Portugese regering aanvaar. (1)

(e) 'n Kommissie ondersoek die Asiate-vraagstuk en wet 3 van 1885.....

Op 31 Augustus 1895 het die Z.A. Repbuliek 'n kommissie aangestel om grondig in te gaan op die Asiate-vraagstuk en rapport uit te bring. (2) Dit was 'n paar maande na die uitspraak van die Arbiter en op 3 November 1896 het hulle rapport verskyn.

Die kommissie het die stiptelike uitvoering van wet 3 van 1885 aanbeveel, maar 'n uitsondering moes gemaak word in die geval van Asiate, wat huurkontrakte voor 1889 verkry het, solank as wat hulle huurtermyn nog nie verstryk het nie.

Die kommissie het ook op die leemte in wet 13 van 1887 gewys waar bepaal is dat handel alleen onder lisensie gedryf mag word, maar geen strafbepalings bygevoeg is indien die wet oortree word nie. Hulle het toe aanbeveel dat Artikel 1 (a) in die Wet ingevoeg sal word wat bepaal dat niemand geregtig is om binne die staat handel te dryf sonder 'n lisensie nie. By oortreding sou 'n geld-

(1) Fouche: Die Asiate-Vraagstuk in die dae van die Z.A.R.; 70.

(2) Z.A.R.: Correspondensie van de Z.A.R. i.s. Aziatische gekleurde personen 111; 54.

boete van hoogstens £200 opgelê word of hy wan**te**betaling, gevangenisstraf van hoogstens 6 maande.

Verder het hulle ook daarop gewys dat persone lisensies verkry op die name van ander en so ontduik hulle die wet. Daarom het die kommissie 'n verdere artikel voorgestel waarin bepaal sou word dat enige persoon wat voorsien is van 'n lisensie, en wat 'n ander persoon toelaat om met sodanige lisensie handel te drywe waar so 'n persoon nie geregtig is om handel te drywe nie, gestraf sou word met 6 maande nie te bowe-gaande nie.<sup>(1)</sup>

Verder het hulle daarop gewys dat die uitvoering van die wet vertraag is deur die tyd wat dit geneem het om die lokasies aan te wys. Hulle het ook die regering se sienswyse gesteun, naamlik dat die wet gelyk in alle dorpe of tenminste in die hoof sentra toegepas sou word.<sup>(2)</sup>

(f) Die Hooggeregshof beslis ten gunste van die Z.A. Republiek.....

Rooth en Wessels het op 26 Mei 1897 namens die Asiate-gemeenskap aan die staatsprokureur geskrywe en beweer dat die Volksraadsbesluit van 3 November 1896 strydig was met die uitspraak van die Arbiter. Hulle het gereken die Hooggeregshof moes die geleentheid kry om te beslis.

Die eiser (Tayob Mohomed Khan) het versoek dat sekere instruksies deur die regering en Uitvoerende Raad aan die veldkornet en die siviele kommissaris gegee, verklaar moes word „Als onwettig en wederrechtelyk te sijn.” Verder het die eiser beweer dat volgens die bestaande wette van die land, hy geregtig was om

---

(1) Fouche: Die Asiate-Vraagstuk in die dae van die Z.A.R.; 72 - 73.

(2) S.A.I.C.: The Asiatic Land Tenure (Amendment) Bill; 45

die besigheid daar te drywe. Hy het verder verklaar dat die regering wel die reg gehad het om vir hom en ander Asiate vir gesondheidsredes, lokasies of plekke aan te wys waar hulle moes woon, maar die regering kon hulle nie verbied om handel te drywe in die besigheidsplekke nie.<sup>(1)</sup>

Die saak was op 8 Augustus 1898 verhoor deur regters Jorisen, Esser en Morice. Alleen eersgenoemde het ten gunste van die Asiate uitspraak gegee.<sup>(2)</sup>

Nadat die regering van die Z.A. Republiek die saak gewen het, is 'n sirkulêre op 21 November 1898 aan die landdroste en mynkommissaris gestuur met die opdrag om daar die Asiate wat nog nie in bepaalde lokasies gewoon en besigheid gedryf het nie, aan te sê om voor 1 Januarie 1899 in die aangewese lokasies te gaan woon en daar handel te drywe. Die landdroste en mynkommissaris moes egter 2 lysse opstel met die name vandaar die Asiate wat al vir 'n geruime tyd groot besighede buitekant die aangewese lokasies gedryf het en vir wie dit dus moeilik sou wees om in so 'n kort tydjie hulle besigheid oor te plaas. Die landdroste en kommissaris moes hulle eie diskresie gebruik en op die een lys die name van Asiate aanbring wat volgens hulle oordeel uiters 6 maande nodig gehad het om hulle besigheid te verplaas. Aan die ander kon langer uitstel gegee word, maar in elk geval moes hulle respektiewelik voor 1 April 1899 en voor 1 Julie 1899 aan die genoemde wet gehoor gee.<sup>(3)</sup>

Die Asiate moes self met redes die nodige uitstel aanvra. Verder is ook bekendgemaak dat Asiate wat gereken het dat hulle nie onder die terme van Artikel 2C en 2 D van die genoemde gewysigde wet 3 van 1885 geval het nie, ditsy deurdat hulle jare gelede 'n langdurige kontrak aangegaan het waarvan die tydperk nog nie

---

(1) Fouche: Die Asiate-Vraagstuk in die dae van die Z.A.R.; 75.

(2) t.a.p.; 74.

(3) t.a.p.; 86.

verstreke was nie; ditsy deurdat hulle reeds transport verkry het, uitgenooi word om met uiteensetting van redes, kennis daarvan te gee aan die landdros of mynkommissaris voor 1 Januarie 1899. Laasgenoemde moes van elk van hierdie kennisgewings 'n afskrif aan die regering stuur, met hulle opmerkings en advies.

Verder is streng opdrag gegee dat alleen vir 'n besigheid in 'n lokasie aan Koelies of ander Asiatiese kleurlinge 'n lisensie uitgereik kon word en dat met 'n marskramerslisensie alleen marskramersbesigheid in 'n lokasie en nie daarbuite nie, gedryf mag word.<sup>(1)</sup>

Hierna het die Hoë Kommissaris, Sir Alfred Milner, geklar oor marskramerslisenies wat in Heidelberg nie verleng kon word nie. In sy antwoord hierop het staatsprokureur, J.C. Smuts, op 19 April 1899 daarop gewys dat die regering die tydperk vir die uitreiking van marskramerslisenies beperk het vir administratiewe doeleindes en hoegenaamd nie in verband met Wet 3 van 1885 nie.<sup>(2)</sup>

Op 25 April is 'n proklamasie in die naam van die president van die Z.A. Republiek, uitgevaardig, waarin strate, wyke en lokasies aangewys is vir die gebruik van Asiate vir besigheid, sowel as woning. Dit sou val onder die lokale landdros, mynkommissaris, verantwoordelike klerk, of enige dorpsraad of dorpsadministrasie.<sup>(3)</sup>

Die Indiër-gemeenskap het, so word beweer, op advies van die Britse agent in Pretoria, hulle nie aan hierdie kennisgewings gesteur nie. Trouens die wette en regulasies betreffende Asiate is nooit ernstige toegepas deur die regering van die Z.A. Republiek nie. Invloede waaroor die Z.A. Republiek geen beheer gehad het nie, was blykbaar hiervoor verantwoordelik.<sup>(4)</sup>

---

(1) Fouche: Die Asiate-Vraagstuk in die dae van die Z.A.R.; 87.

(2) t.a.p.; 87 - 88.

(3) S.A.I.C.: The Asiatic Land Tenure (Amendment) Bill; 46.

(4) t.a.p.; 46 - 47.

(g) Pogings om die Immigrasie van Asiate te reel....

Toe die publiek in Natal sake in hulle eie hande wou neem het die Sekretaris van die Z.A. Republiek op 11 Januarie 1895 'n skrywe van die Natalse regering ontvang waarin gewys is op die noodsaaklikheid om in die toekoms dieselfde politieke gedragstyl te volg ten opsigte van die Asiate wat Suid-Afrika so onophoudelik inkom. Die regering van Natal het gereken dat die tyd aangebreek het om die vraagstuk met vrug op 'n konferensie van afdelings uit die verskillende state en kolonies te bespreek. (1)

Die Z.A. Republiek was te vinde hiervoor, maar die Vrystaat het aanvanklik nie kans gesien om deel te neem nie. (2)

Omdat daar in 1896 reeds 4118 manlike en 689 vroulike Asiate in Johannesburg alleen was het die regering van die Z.A. Republiek stappe gedoen om immigrasie te reel. Hiervoor is wet 30 van 1896 gepasseer. Alle vreemdelinge moes om toegelaat te word in die Republiek aan sekere vereistes voldoen. 'n Paspoort was nodig, verskaf deur die owerheid van die land van herkoms. Dit moes ook van 'n stempel van 'n konsul of konsulêre verteenwoordiger van die Z.A. Republiek voorsien wees. Die vreemdelinge moes bewys lewer van behoorlike bestaansmiddele of die geskiktheid om dit te verwerf. Die paspoort was egter nie 'n vereiste nie, as die vreemdeling by sy aankoms homself maar aangemeld het en kon bewys wie hy is en dat hy in staat was om in sy eie onderhoud te voorsien. Daarop sou telkens vir 6 maande reis- en verblyfpasse uitgereik word. Diegene wat in die Republiek wou bly woon, kon dit doen, mits hulle onder eed verklaar het, dat hulle die wette van die land sou gehoorsaam.

---

(1) Fouche: Die Asiate-Vraagstuk in die dae van die Z.A.R.; 91 - 92.

(2) t.a.p.; 92 - 93.

Hierdie wet sou op 1 Januarie in werking tree. (1)

Op 15 Desember 1896 het Chamberlain aan die Z.A. Republiek geskrywe dat hy die Wet in stryd ag met artikel 14 van die Londonse konfensie, insover deur die Wet nuwe en drukkende voorwaardes opgelê word op persone wat kragtens die konfensie op volle vryheid geregtig was om die Republiek binne te kom en daar te woon, mits hulle die wette van die land gehoorsaam. Die regering van die Z.A. Republiek het homself egter nie verplig ge-ag om die wet te wysig of te herroep nie. Dit was as 'n suiwerer ~~plisiewet~~ beskou en sedert was nie deur die Londonse konfensie uitgesluit nie. (2)

Op 6 Maart 1897 het Chamberlain weer geklae oor hierdie Wet. Hy wou hê die saak moes bespreek word. Die Z.A. Republiek was egter nie daarvoor te vinde nie. (3)

By die toepassing van hierdie Wet het dit egter geblyk dat die wet sekere bepalinge ingehou het wat die goedgesinde burgers van naburige state en kolonies aan ongeriewe blootgestel het. Die regering het gevolglik aanbeveel dat Wet 30 van 1896 herroep moes word omdat dit nie aan sy doel beantwoord het nie. Op 6 Mei 1897 is hierdie wet toe ook herroep. (4)

Op 7 Mei 1897 het die Z.A. Republiek die Britse regering uitgenooi om hierdie en ander sake waaroor hulle verskil het, aan arbitrasie te onderwerp. Die arbiter moes benoem word deur die president van die Switserse Republiek. Chamberlain het egter geweier en beweer dat die Londonse konfensie nie 'n verdrag was tussen state wat op gelyke voet met mekaar gestaan het nie, en daarom geld die redes deur die Z.A. Republiek aangehaal, nie. Verder het,

- 
- (1) Fouche: Die Asiate-Vraagstuk in die dae van die Z.A.R.; 94 - 95.  
 (2) t.a.p.; 95 - 96.  
 (3) t.a.p.; 96 - 97.  
 (4) t.a.p.; 97 - 98.

hy beweer dat onder die Londense konfensie die Z.A. Republiek onderworpe was aan Britse soesereiniteit, en dat die Z.A. Republiek onder sekere voorwaardes selfbestuur gekry het. Hy het gereken dat dit onmoontlik was om die voorwaardes, waarop selfbestuur aan die Republiek toegestaan is, aan arbitrasie te onderwerp. (1)

'n Monstervergadering wat op 15 Januarie 1897 in Pretoria gehou is, het die regering versoek om met die buurstate en veral met Natal, saam te werk om die instroming van Asiate teen te gaan. 'n Afskrif van hierdie besluit is na Natal gestuur en Natal het weer op 'n konferensie aangedring. (2)

Op 6 Julie 1898 het die president van die Oranje-Vrystaat aan die Z.A. Republiek en Natal geskrywe dat hy met toestemming van sy volksraad 'n wetsontwerp teen die instroming van ongewenste immigrante teruggetrek het en dat die volksraad by sy sitting van 28 Mei 1897 besluit het om aan die Uitvoerende gesag op te dra om 'n konferensie te belê met die doel om samewerking te verkry en om gelykluidende wette te kry vir die reeling van die immigrasie van vreemdelinge. Hy het die Z.A. Republiek en Natal uitgenooi om saam te werk. Later het hy berig dat die regering van die Kaap-Kolonie gewillig was om 'n konferensie oor hierdie saak te steun. (3)

By hierdie stadium het daar egter 'n stryd ontbreek tussen die Vrystaat en die Kaap-Kolonie oor wie die konferensie moes bywoon. Die Kaap-Kolonie wou Groot-Brittanje daarop hê, maar die Vrystaat het geweier tensy Duitsland dan ook toegelaat sou word. (4)

---

(1) Fouche: Die Asiate-Vraagstuk in die dae van die Z.A.R.; 98 99.

(2) t.a.p.; 101.

(3) t.a.p.; 102 - 104.

(4) t.a.p.; 105.

Op 11 Maart 1898 het die Kaap-Kolonie 'n laaste poging aangewend om 'n konferensie te belê en hy het aan die Vrystaat meegedeel dat as hy nie wou saamwerk nie, die Kaap-Kolonie alleen met die kuskolonies sou konfereer om die gevaar van die instroming van ongewenste immigrante die hoof te bied. (1)

Op 19 Julie 1899 het die regering van die Z.A.R. aan die Kaap-Kolonie geskrywe en gewys daarop dat die Z.A.R. sy immigrasiewet herroep het, met die hoop dat daar deur samespreking 'n oplossing gevind sou word. (2)

Toe dit geblyk het dat van die konferensie niks sou kom nie, het die regering van die Z.A.R. Republiek besluit om wet 3 van 1885 soos ge-amendeer streng toe te pas. (3)

Met die uitbreek van die oorlog in 1899 (en die Asiate-Vraagstuk was een van die oorsake, (4)) het die Asiate die Republiek verlaat. Die Britse militêre bewindhebbers het aan enkeles handelspermitte uitgereik. Teen die einde van 1902 het hulle weer in groot getalle ingestroom. Wet 3 van 1885 was nog van krag, maar die kwitansies wat die Republiek uitgereik het aan Asiate vir die £3 wat elkeen moes betaal, het net die naam van die betaler bevat, maar nie sy handtekening of vingerafdrukke nie. Na die oorlog is bepaal dat slegs Asiate wat bona-fide vlugteling was, d.w.s. wat voor die oorlog in die Z.A. Republiek woonagtig was, in hierdie Kolonie sou toegelaat word. (5)

Wat die Asiate-Vraagstuk in die Z.A. Republiek betref, het die Asiate dus met die hulp van Groot Brittanje, geseëvier. (6)

---

(1) Fouche: Die Asiate-Vraagstuk in die dae van die Z.A.R.; 109.

(2) t.a.p.; 110 - 111.

(3) t.a.p.; 112.

(4) t.a.p.; 114.

(5) Union of S.A.: Report of the Indian Enquiry Commission, 1914, 48.

(6) Fouche: Die Asiate-Vraagstuk in die dae van die Z.A.R.; 120.

(h) 'n Vergelyking met die Oranje-Vrystaat.

Die worsteling van die Z.A. Republiek met die Asiate-Vraagstuk, het die vraag laat ontstaan nl. Hoe het die buur-republiek, die Oranje-Vrystaat, dan daarin geslaag om homself van die Indiër-probleem te bevry?

Juis omdat die Oranje-Vrystaat nie 'n artikel 14 gehad het nie, kon hulle die Asiate-Vraagstuk die hoof bied, sonder die inmenging van buite. Toe boere en handelaars in versoekskrifte aan die Volksraad van die Oranje-Vrystaat op die Asiatiese gevaar gewys het, is die „Wet tot tegengaan van de instrooming van Asiatiese kleurlingen" gepasseer. Volgens hierdie Wet kon geen Indiër, Arabier, Chinees of ander Asiatiese kleurling langer as 2 maande daar vertoef, of hom vestig nie, sonder dat hy vooraf verlof daarvoor verkry het van die Staatspresident. Geen Asiatiese kleurling sou egter toegelaat word om hom in die Staat te vestig om aan 'n handelsbesigheid of boerdery mee te doen nie. (1)

Asiate moes dan ook 'n be-edigde verklaring teken waarin hulle onderneem om nie aan handel of boerdery deel te neem nie. (2)

Die beslissings van die houe het gedien om die bepallings van die konstitusie op besondere gevalle toe te pas of te interpreteer. So is daar byvoorbeeld in 1891 beslis dat Asiate wat in 'n ordenansie van 1890 toegang tot die Vrystaat belet is, hulle nie op die artikel in die konstitusie kon beroep wat bepaal het dat die wet vir almal gelyk is nie. (3)

(1) Union of S.A.: Report of the Asiatic Land Laws Commission; 1939; 6.

(2) Fouche: Die Asiate-Vraagstuk in die dae van die Z.A.R.; 2 - 3.

(3) Scholtz: Die Konstitusie en die Stats-instellings van die Oranje-Vrystaat, 1854 - 1902; 37.

2. DIE KROONKOLONIE-REGERING MISLUK MET DIE POGING OM DIE BELEID VAN DIE Z.A. REPUBLIEK UIT TE VOER.

Na die oorlog is bepaal dat slegs Asiate wat voor die oorlog in Transvaal woonagtig gewees het, in hierdie Kolonie sou toegelaat word, maar die herkenningsmiddels het geheel en al ontbreek, en die intog het onbelemmerd geskied. (1)

So erg was die instroming dat die blankes weer ernstig ge-agiteer het, met die gevolg dat goewermentskennisgewing 356 van 1903 uitgereik is, met die volgende inhoud: Sy Hoogheid die Luitenant Goewerneur en Uitvoerende Raad het besluit dat in verband met Asiatiese handelaarsaansoeke die bepalinge van Wet 3 van 1885 soos ge-amendeer toegepas sou word met inagneming van gevestigde belange van Asiate wat buite basaars handel gedrywe het met die uitbreek van die oorlog. en het dus besluit:-

(a) Dat die Goewerment onmiddellike stappe moes doen om basaars in elke dorp opsy te sit, waar alleen Asiate mag bly en handel.

(b) Dat geen nuwe handelslisensie toegestaan sou word aan enige Asiaat wat nie besigheid in 'n basaar wou drywe nie.

(c) Asiate wat buite basaars handel gedrywe het, toe die oorlog uitgebreek het, mag hulle lisensies hernieu onder dieselfde omstandighede. Hierdie lisensies was egter nie oordraagbaar nie.

Verder het sy Hoogheid besluit dat wat betref die verblyf van Asiate in strate, wyke en lokasies 'n uitsondering gemaak sou word ten gunste van diegenes wie se verstandelike bekwaamheid of sosiale kwaliteit en lewensgewoontes, hulle daarop geregtig maak.

---

(1) Fouche: Die Asiate-Vraagstuk in die dae van die Z.A.R.; 113.

Hierdie kennisgewing is deur die Indiër-gemeenskap as 'n belemmering van hulle regte beskou en in 1904 was daar weer 'n toetssaak. Die hof het toe beslis dat seksie 2d van wet 3 van 1885 soos ge-amendeer deur volksraad<sup>5</sup> besluit van 12 Augustus 1886, nie van toepassing was op besigheidsplekke nie, maar alleen op die wonings van Asiate. Die goewernement het dus nie die mag gehad om aan Asiate lisensies te weier om in plekke buite die lokasies handel te drywe nie. Hierdie uitspraak werp dus twee vorige beslissings van die Hooggeregshof omver.

Die hoofregter het in sy uitspraak daarop gewys dat geen een van bogenoemde maatreëls 'n reel bevat wat die handelsregte van Asiate inkort nie. Die enigste voorsiening is die wat die regering die reg gegee het om vir sanitêre redes vir hulle sekere strate, wyke en lokasies „ter bewoning" aan te wys. „I fail to see any ground for holding that those words, whether we take the original, Dutch, or the English equivalent, in any way prohibit trading outside the residential locations." Verder het hy daarop gewys dat die interpretasie wat die Transvaalse outoriteite aan die wet wou gee, dieselfde was as die wat die Suid A. Republiek altyd voorgestaan het, en wat die Britse regering altyd teengewerk het.<sup>(1)</sup>

In 1904 het die Transvaalse regering wetgewing teen Asiate oorweeg. Sir Arther Lawley het in die verband op 13.4.1904 aan die Sekretaris van Kolonies, deur bemiddeling van Lord Milner, geskrywe en die voorgestelde wetgewing uiteengesit:

- (a) Asiate wat die Koloniale sekretaris bevredig het dat hulle lewensgewoontes ooreenstem met die van blankes, sou toegelaat word

---

(1) S.A.I.C.: The Asiatic Land Tenure (Amendment) Bill; 48

om met hulle bediendes buite lokasies te woon, maar nie om buite lokasies handel te drywe nie, tensy hulle onder (b) val.

(b) Asiate wat reeds voor die oorlog gevestigde besighede buite lokasies gehad het, sou nie gehinder word nie,

(c) Dat met die twee bogenoemde uitsonderings van alle Asiate verwag word om in lokasies te bly en daar handel te drywe, en hulle sou belet word om buite lokasies grond te besit. Hierdie voorsiening sou egter nie toegepas word op grond wat vir godsdienstige doeleindes opsy gesit word nie. (1)

In sy verduideliking van hierdie wette het Lawley daarop gewys dat daar wel handels - na - ywer bestaan het, maar dat die stukrag in werklikheid selfbehoud was. „The problem is far-reaching and does not begin and end with a shopkeeper's quarrel." Verder het hy daarop gewys dat die grondwet en die ingewortelde lewensbeskouing nooit gelykstelling tussen blank en gekleurd sou duld nie. (2)

In sy antwoord van 20 Julie 1904 het die sekretaris van Kolonies die geskiedenis van die Asiate-Vraagstuk in Transvaal geskets. Hy het ook gewys op die Britse houding en het daaraan herinner dat „the treatment of the fellow subjects formed part of the British case against the late South African Republic."

Hy het gereken dat wat immigrasie betref die Britse regering sou toestem, „though with great reluctance," dat wetgewing ingestel word wat die immigrasie beperk soos dit in die Natalse en Kaapse wette gedoen is. (3)

---

(1) S.A.I.C.: The Asiatic Land Tenure (Amendment) Bill; 48 - 49.

(2) t.a.p.; 49.

(3) t.a.p.; 49 - 50.

Ook Transvaal: Correspondence relating the position of British Indians, 1904; 38.

Op ontvangs van bogenoemde korrespondensie, het die regering van die kroonkolonie geen verdere stappe gedoen in die rigting van die voorgestelde wetgewing nie en wet 3 van 1885 het onveranderd gebly.

Die vyandigheid van die publiek teen die Asiate het egter nie intussen verswak nie en in November 1904 is ~~die~~<sup>'n</sup> nasionale konfensie in Pretoria gehou om die Asiatiese instroming te bespreek. Op hierdie konfensie is die volgende besluite geneem.

(a) Die regering van Transvaal is bedank vir sy simpatieke houding teenoor die vraagstuk van die Asiatiese handelaars.

(b) Die beginsel is beklemtoon nl. dat Asiatiese immigrasie belet word, behalwe onder beperkende wetgewing.

(c) Hulle het aangedring op die verwydering van die Asiatiese<sup>e</sup> handelaars na basaars, met vergoeding vir gevestigde belange wat wettiglik verkry is om buite lokasies handel te drywe.

(d) Hulle het ook die beginsel bekragtig dat alle Asiate verplig moes word om in lokasies of basaars te woon. (1)

Op 15 Maart 1905 was daar 10,535 manlike Asiate ~~en~~<sup>van</sup> 16 jaar en ouer in Transvaal- 9470 hiervan was Indiërs en 1065 Chinese. (2)

In die jare na die oorlog het baie Indiërs Transvaal op onwettige wyse b-innegekom. Sommiges het met tydelike permitte ingekom en hulle het nooit weer die land verlaat nie. Ander het voorgegee dat hulle ou inwoners was, en wanneer dit by ondersoek in Pretoria geblyk het dat dit onwaar is, het hulle verdwyn voordat hulle gvang kon

---

(1) S.A.I.C.: The Asiatic Land Tenure (Amendment) Bill; 50 - 51.

(2) Fouche: Die Asiate- Vraagstuk in die dae van die Z.A.R.; 113.

word. 'n Jaar later het hulle dan weer verskyn onder 'n ander naam en voorgegee dat hulle hul registrasie-sertifikaat verloor het en 'n nuwe gevra. In 1906 word daar oor hierdie saak aangeteken: „It is most unfortunate that nearly all the registers of Asiatics kept in accordance with Law 3 of 1885 were destroyed in the course of the war.”<sup>(1)</sup>

Die Beskermheer van immigrante, Bombaai, het op 29 September 1906 in 'n skrywe verwys na 'n geval waar iemand 'n suspiseuse groot aantal seuns onder 16 jaar gehad het en in besit was van 'n vervalste paspoort. Hy het verder verduidelik dat daar 'n w<sup>ingewende</sup> besigheid met die verkoop van paspoorte aangaan.<sup>(2)</sup> Die kus-agent vir Asiate sake het ook gerapporteer dat Komatipoort gerieflik geleë is vir Asiate „who require a back door entrance to the Transvaal.”<sup>(3)</sup>

Die registrateur vir Asiate het op 27 September 1906 gerapporteer dat gedurende die voorafgaande 6 maande, 287 Asiate verkeerdelik in besit, was, of sonder permitte was: 165 hiervan is gestraf en 122 was in die Kolonie maar kon nie opgespoor word nie.<sup>(4)</sup>

In 1906 is weer 'n poging aangewend om die immigrasie van Asiate in Transvaal teen te werk. Daar is toe voorsiening gemaak vir die verpligte registrasie van alle Asiate en hulle identifikasie deur middel van vingerafdrukke. Die Bepalings van hierdie wet (Asiatic Law Amendment Ordinance) het baie sterk teenstand uitgelok van die kant van die Indiër-gemeenskap. Hulle het selfs 'n deputasie na

---

(1) Transvaal: Correspondence relating to legislation affecting Asiatics, 1907; 4 - 7.

(2) t.a.p.; 23 - 24.

(3) t.a.p.; 24.

(4) t.a.p. 28.

59.

Engeland gestuur om 'n onderhoud met die Sekretaris van Staat oor hierdie onderwerp te hê. (1)

Aan die ander kant het daar van omtrent al die munisipaliteite in Transvaal versoeke ingekom wat gesmeek en gehoop het dat die Wet nie sou verongeluk nie. (2)

Lord Elgin, die Sekretaris van Staat, het egter besluit dat, met die oog op die teenstand en die naderende instelling van verantwoordelike regering, hulle nie sou aangaan met hierdie maatreef nie. (3)

3. WETTE ONDER VERANTWOORDELIKE REGERING GEPASSEER,  
LOK GEWELDIGE WEERSTAND UIT.....

Gedurende die eerste sitting van die parlement onder Verantwoordelike regering in Transvaal is wet 2 van 1907 gepasseer wat feitlik 'n afskrif was van die ordenasies van 1906. Ook is Wet 15 van 1907 gepasseer wat sekere beperkings op immigrasie geplaas het. Dit het voorsiening gemaak vir 'n opvoedkundige toets en die instelling van 'n Departement van immigrasie. Alhoewel hierdie wet gebasseer was op die Natalse en Kaapse immigrasiewette, was dit tog, „of a more stringent character.”

Toegang tot die Transvaal wat in geen opsig in die dae van die Republiek of onder Kroonkolonie belemmer is nie, is deur hierdie wet noukeurig gereguleer en gekontroleer.

Hierdie twee maatreefs het baie swak ontvangs by die Indiërs gehad en na die passiewe weerstandsbeweging gelei. As gevolg van hierdie agitاسie het wet 2 van 1907 'n mislukking geblyk en is daar in die volgende jaar 'n amenderende wet aageneem.

---

(1) Transvaal: Correspondence relating to legislation affecting Asiatics, 1907; 10, 15, 16.

(2) t.a.p.; 37, 38, 49, 54, 56.

(3) t.a.p.; 58.

(wet 36 van 1908.) Hierdie wet was ook nie vir die Indiërs aanneembaar nie en het ook nie die beweging gestuit nie. (1)

In hierdie hele agitasie waaraan die „House of Commons” (2) „Indian Office”, (3) die „South African British Committee”, (4) die „Islamic Society” (5) en verskillende massavergaderings deelgeneem het, het versoekskrifte en korrespondensie ook nie ontbreek nie. (6) Daar is moedswillig oortree en by gevangeneneming geweldig gekla oor voedsel, (7) slegte behandeling in tronke, (8) en kinders wat in die gevangenis beland het. (9) Selfs M. Gandhi se behandeling het die besorgheid van die hele Indiërgemeenskap uitgelok. (10)

In hierdie tyd is daar ook versoek dat toestemming verleen sou word om jaarliks 6 geleerde Indiërs na Transvaal te bring as priesters, onderwysers ens. (11)

Na sorgvuldige oorweging is hierdie saak op 5 November 1908 deur die ministers verwerp omdat hulle gereken het dat die bestaande wet voldoende voorsiening gemak het vir die wettige behoeftes van die Indiërgemeenskap as hulle van die voordele gebruik wou maak. (12)

- 
- (1) S.A.I.C.: The Asiatic Land Tenure (Amendment) Bill; 51
  - (2) Transvaal: Further correspondence relating to legislation affecting Asiatics, 1909; 15.
  - (3) Transvaal: Further Correspondence relating to legislation affecting Asiatics, 1908; 7, 12.
  - (4) t.a.p.; 15.
  - (5) t.a.p.; 41.
  - (6) Transvaal: Further correspondence relating to legislation affecting Asiatics, 1909; 1, 12.
  - (7) t.a.p.; 12, 35.
  - (8) t.a.p.; 27, 36.
  - (9) t.a.p.; 27, 36.
  - (10) t.a.p.; 36.
  - (11) t.a.p.; 12.
  - (12) t.a.p.; 16.

In 1908 is twee maatreëls gepasseer wat die handelsregte van Asiate geraak het en hulle het op dieselfde datum in werking getree. Hierdie maatreëls is die „Townships Amendment Act" (34 van 1908) en die „Precious and Base metals Act" (35 van 1908). Laasgenoemde is ook bekend as die Goudwet van 1908.

Alhoewel hierdie Goudwet die Republikeinse Goudwet van 1898 herroep het, is daar tog sekere afdelings van laasgenoemde wet wat in 1909 voorgelê is vir interpretasie in die Hooggeregshof van Transvaal. Dit was afdelings 92 en 133 waardeur die regte van kleurlinge op delwerye beperk was. Die Hooggeregshof het hierdie afdelings soos volg ge-interpreteer in die saak wat bekend is as Khota se saak:-

(a) Die feit dat seksie 92 enigene wat nie wit is nie belet het om standplase te besit, het kleurlinge nie belet om huurregte te verkry nie en uit te oefen op sulke standplase nie.

(b) Seksie 133 wat gekleurde persone belet het om lisensie-houers te wees of op enige wyse verbonde te wees aan die werking van die delwerye, het ~~na~~ lisensies soos delwery-en kleim-lisensies verwys, en het nie sulke persone belet om algemene handelaars-lisensies te besit nie en om handel te drywe op delwerye nie.<sup>(1)</sup>

Die dele van die Goudwet van 1908 wat Asiate geraak het was die volgende:-

AFDELING 130. (1) In die eerste plek het hierdie afdeling bepaal dat geen regte onder die wet deur gekleurde persone verkry mag word nie, behalwe soos voorsien in Naturelle lokasies in afdeling 24,

---

(1) Union of South Africa: Report of the Asiatic Inquiry Commission, 1921: 15.

(2) In die tweede plek het hierdie afdeling bepaal dat die houer van 'n reg nie 'n deel daarvan mag oordra of onderverhuur aan 'n kleurling nie. Ook mag so iemand nie 'n gekleurde persoon toelaat om daar te bly of sulke grond te besit, nie tensy hulle bediendes was.

AFDELING 131. (1) In die myndistrikte van die Witwatersrand sou geen gekleurde persoon toegelaat word om op geproklameerde grond te bly, behalwe in basaars, lokasies, mynkompongs en sulke ander plekke soos deur die mynkommissaris toegelaat sou word, maar (3) niks in hierdie afdeling sou van toepassing wees op gekleurde persone in diens van wittes nie, in sover as wat hulle op die plekke woon waar hulle werk, of op Kleurlinge wat by die inwerkingtreding van hierdie wet werklik in besit was van huise. (1)

Hierdie bepalings het gelei tot navrae van Britse kant en uiteindelik 'n rapport van die Prokureur-generaal van Transvaal, Jacob de Villiers. Hierdie rapport is gedateer 3 Oktober 1908. (2)

Nadat die Sekretaris van Staat die versekering ontvang het dat bestaande regte nie weggeneem sou word nie, het hy op 28 Desember 1908 ge-antwoord dat „His Majesty would not be advised to exercise his power of disallowance.” (3) Daar was egter drie duidelike voorwaardes gestel:-

(a) D<sub>a</sub>t afdeling 131 (3) die regte sou beskerm wat gekleurde persone mag hê om grond in mynareas te besit.

- 
- (1) Union of S.A.: Report of the Asiatic Inquiry Commission, 1921; 15.
  - (2) S.A.I.C.: The Asiatic Land Tenure (Amendment) Bill; 52.
  - (3) Union of S.A.: Report of the Asiatic Inquiry Commission, 1921; 15.

(b) Dat geen reg of voorreg wat kleurlinge het wegge-  
neem wou word nie.

(c) Dat deur die woorde „ander plekke" in Afdeling  
131 (1) die mynkommissaris die mag aan hom verleen  
in die toekoms sou gebruik om gekleurde persone (As-  
iate ingesluit) van 'n hoër klas, vry te stel van die  
verpligting om in basaars, lokasies of kompons te  
woon. (1)

Later het die Indiëse regering dan ook daarop aan-  
spraak gemaak dat hulle die Goudwet van 1908 goedgekeur  
het nadat hulle die versekering ontvang het dat dit geen  
kleurlinge sou berowe van regte wat hulle onder die Goud-  
wet van 1898 gehad het nie. (2)

Daar dien egter op gewys te word dat die Prokureur-  
Generaal se interpretasie voor die uitspraak in die  
Khota-saak, gegee is en hy dus nie bewus was van voorregte  
onder die Goudwet van 1898 wat kon verwyder word met  
die nuwe wet nie.

In die Transvaalse Provinsiale afdeling van die Hoog-  
geregshof is in 1911 in die saak van Tamblin teen Krugers-  
dorp, beslis dat Afdeling 77 van Wet 35 van 1908 (Goudwet)  
alle regte en voorregte onder wet 15 van 1898 verkry,  
beskerm, en so het Tamblin die reg gehad om die stand-  
plaas weer verder aan die Asiate te verhuur. Dit het  
'n uitsondering gemaak op Afdeling 130 van die wet en  
het alle regte beskerm wat onder vorige goudwette verkry  
is. (3)

Die groot ontevredenheid aan Indiërkant was die oor-  
saak dat die regering geen stappe gedoen het om die Goud-  
wet van 1908 uit

---

(1) S.A.I.C.: The Asiatic Land Tenure (Amendment)  
Bill; 53.

(2) Union of S.a.: Report of the Asiatic Inquiry  
Commission, 1921; 16.

(3) S.A.I.C.: The Asiatic Land Tenure (Amendment)  
Bill; 53.

te voer nie. Lissensie-amptenare het aangehou om aan Indiërs handelslissensies uit te reik op geproklameerde grond, sonder uitsondering.<sup>(1)</sup>

Vanaf Februarie 1909 tot Augustus 1910 het die Indiërs hulle voortdurend verset teen wette en dit het tot gevangenisneming gelei en reekse van klagtes.<sup>(2)</sup> Daar was veral baie geklae oor wat genoem was „onwettige deportasie van Asiëte.“<sup>(3)</sup> Selfs uit Bombaai is op 24 Mei 1910 geprotesteer.<sup>(4)</sup> Intussen het die „Hamidia Islamic Association" en die „British Indian Association" besluit om aan te hou met passiewe weerstand totdat die griewe verwyder is.<sup>(5)</sup>

As gevolg van klagtes het die Minister op 9 Julie 1910 aangekondig dat die dieet van Indiërs met strawwe wat langer as 3 maande was, verander sou word deur die vermeerdering van die daelikse rantsoen miellie-meel, rys en brood met 2 onse elk. O<sup>u</sup>k het hy die uitreiking van „ghee" verduidelik.<sup>(6)</sup>

Heelwat protes is o.a., ook van die Poenjab uitgelok omdat Mohammedaanse gevangenes nie geleentheid gekry het om hulle kerkfeeste in die gevangenis te vier nie. Transvaal het gereken dat dit onnodig was want die Mohammedaanse kode laat hulle ook toe om Ramadhan op 'n ander tyd te vier, en omdat die Kaap-Kolonie met sy 15,000 Mohammedane ook geen spesiale voorsiening maak nie.<sup>(7)</sup>

(1) S.A.I.C.: The Asiatic Land Tenure (Amendment) Bill; 45.

(2) Transvaal: Further correspondence relating to legislation affecting Asiatics, 1910; 4, 8, 13, 20.

(3) t.a.p.; 1, 7, 11, 18.

(4) t.a.p.; 100.

(5) t.a.p.; 5, 30.

(6) t.a.p.; 126.

(7) t.a.p.; 45, 56, 62,

In Madras is vergaderings gehou om teen die handelswyse van Transvaal te protesteer en daarop aan te dring dat nie meer Indiër-immigrante na Natal sou gaan nie. Soortgelyke besluite is ook in Rangoen geneem. Die „all India Moslem league" was selfs gewillig om die moeilikhede in Indië te vermeerder. <sup>(1)</sup>

Gandhi en 'n vriend is na Engeland gestuur en moes daar 8 maande wag voordat 'n onderhoud toegestaan is. Toe hulle gereken het dat hulle nie veel bereik het nie, was hulle gewillig om hul saak voor die publiek te lê. <sup>(2)</sup>

Die Britse regering het op 8 Junie 1910 soos volg oor hierdie moeilikhede geskrywe:- „His Majesty's Government are deeply impressed with the seriousness of the political results likely to follow from further deportations, and earnestly trusts that some means may be found of avoiding them." <sup>(3)</sup>

Intussen het onderhandelings plaasgevind tussen Generaal J.C. Smuts en M. Gandhi en is die moontlikheid van 'n oplossing bespreek. <sup>(4)</sup> Uiteindelik is wet No. 2 van 1907 herroep en toegestem dat 6 Indiese geleerdes jaarliks permanent na die Unie mag kom. <sup>(5)</sup>

Hiermee was die moeilikhede egter nog nie opgelos nie en sou daar nog lank van Indiër-kant ge-agiteer word teen die behandeling wat hulle in Suid-Afrika geniet.

- 
- (1) Transvaal: Further Correspondence relating to legislation affecting Asiatics; 1910; 54, 59, 70.  
 (2) t.a.p.; 24, 36, 58.  
 (3) t.a.p.; 112.  
 (4) t.a.p.; 32, 38, 74  
 (5) t.a.p.; 62.

4. DIE INDIËR-GEMEENSKAP IN TRANSVAAL, 1911: 'n ANALISE.(a) Statistieke.

Die Asiatiese bevolking van Transvaal was in 1911 soos volg:- (Vir vergelykingsdoeleindes word die syfers vir 1904 ook gegee.)

|         | 1904   | 1911   |     |
|---------|--------|--------|-----|
| Manlik  | 9799   | 9018   |     |
| Vroulik | 1522   | 2054   |     |
| Totaal. | 11,321 | 11,072 | (1) |

Dit toon 'n vermindering van 249.

In die volgende tabel word die aantal Indiërs in Transvaal in 1911 volgens geboorteplekke ingedeel:

Tabel 10.

Geboorteplekke van Transvaalse Indiërs, 1911.

|                 |      |                   |      |
|-----------------|------|-------------------|------|
| Bombaai         | 3474 | Birma             | 14   |
| Unie van S.A.   | 3065 | Verenigde Provs.  |      |
| Madras          | 1392 | van Agra en Oudh  | 8    |
| Bengale         | 501  | Assam             | 6    |
| Poenjab         | 121  | Ander provs. en   |      |
| Sentrale Prov-  |      | nie gespesifiseer | 1323 |
| insies en Berar | 15   | Ander lande       | 129  |

Totaal = 10,048 (2)

Die volgende tabel toon die Indiërs in Transvaal in 1911, ingedeel volgens godsdiens, beroep en ouderdom.:

Tabel 11.

(a) Godsdiens, beroep en ouderdom van Indiërs in Transvaal, 1911.

(a) Godsdiens.

| Hindoes | Mohammedane | Parsis | Ander |
|---------|-------------|--------|-------|
| 4403    | 4724        | 17     | 904   |

(1) Union of S.A.: Official Year Book 1910-1916, No. 1; 186.

(2) t.a.p., 187.

(b) Beroep.

|                       |      |
|-----------------------|------|
| Kommersieel .....     | 3622 |
| Huishoudelik .....    | 2323 |
| Industrieel .....     | 1358 |
| Landbou .....         | 373  |
| Professioneel .....   | 49   |
| Onbepaal .....        | 54   |
| Afhanklikes .....     | 2201 |
| Nie-gespesifiseer ... | 68   |

(c) Ouderdom.

| Onder 20 jr. | 20 tot 39 jr. | 40 tot 59 jr. | 60 en ouer. |     |
|--------------|---------------|---------------|-------------|-----|
| 3183         | 4954          | 1701          | 210         | (1) |

(d) Algemene opmerkings.

'n Onderzoek van bogemelde tabelle toon dat uit 'n totaal van 10,048 Indiërs 3065 in die Unie van Suid-Afrika gebore is. (d.i. 35%.) Opmerklik is ook die groot getal wat onder 20 jaar was n.l. 3183 (d.i. 31.6%) Volgens hulle geboorteplekke blyk dit dat die meeste Indiërs wat nie in Suid-Afrika gebore is nie, van Bombaai, Madras en Bengale gekom het. Die syfers vir hierdie provinsies is soos volg:- Bombaai 3474 (d.i. 34.5%) Madras 1392 (d.i. 12.5%) en Bengale 501. Ongeveer 50% was Mohammedane en hulle was 321 meer as die Hindoes. Die beroepe wat die meeste gevolg het was: Kommersieel 3622 (d.i. 36%), Huishoudelik (2323) en Industrieel 1358 (d.i. 13.5%)

5 SAMEVATTING.

Alhoewel nie presies vasgestel kan word wanneer die eerste Indiërs Transvaal binnegekom het nie, was hulle handelskonkurrensie

(1) Union of S.A.: Official Year Book 1910-1916,  
No. 1; 197.

in 1885 reeds so straf dat die publiek die regering van die Z.A. Republiek genoodsaak het om wet 3 van 1885 te passeer. Hierdie wet, soos trouens alle latere wetgewing en maatreëls wat getref is of voorgestel is, is deur die Britse regering ge-opponeer omdat daar 'n Artikel 14 in die Londonse konfensie was wat verskillend geinterpreteer is deur die verskillende regerings. Die stryd van die Z.A. Republiek teen die Asiaat het gewoonlik geword 'n stryd tussen die regering van die Z.A. Republiek en die Britse regering. In hierdie stryd is die toevlug selfs tot arbitrasie geneem; en uiteindelik was die Asiate-vraagstuk 'n oorsaak van die 2de Vryheidsoorlog.

Die Asiate <sup>o</sup>plitiek het ontwikkel in die rigting van apartheid. Daar moes aparte woonbuurtes vir Indiërs wees waar hulle ook moes handel drywe. Omdat hierdie beleid vir sanitêre redes noodsaaklik geword het, het die Britse regering dit goedgekeur.

Pogings is later aangewend om deur immigrasiewette die vinnige groei van die Indiërbevolking te stuit, maar ook hierdie pogings het misluk.

Geen wet of maatreël is egter ooit streng toegepas nie. Die Kroonkolonie regering het hierdie probleem ook benader uit die standpunt van die Z.A. Republiek, en daarom het hulle dieselfde teenstand ondervind en was hulle pogings tot mislukking gedoem. Hulle kon dan ook niks konkreets of blywends verrig nie, en aan die einde van hulle ~~regime~~ was daar nog maar net die paar wette uit die tyd van die Z.A. Republiek.

In sy eerste sitting onder Verantwoordelike regering het die Parlement twee wette aangeneem wat gelei het na die Passiewe Weerstandsbeweging onder leiding van Mahatma Gandhi.

Hierdie verset van die Indiërs het voortgeduur tot selfs na Unie; en het nie alleen in Indië nie, maar ook in Groot Britanje die gevoel teen die Transvaalse regering opgehits. Selfs heelwat toegewings kon hierdie beweging nie heeltemal stuit nie.

Die verantwoordelike regering het egter daaringe-slaag om vir die eerste keer in die geskiedenis van Transvaal, immigrasie noukeurig te reguleer en te kontroleer.

In 1911 was daar 11,072 Indiërs in Transvaal.